


WEERVOORUITSIGTE VIR 2025


(Oktober 2025 – Maart 2026) – opgestel in Sep 2025

NOAA Coral Reef Watch Daily 5km SST Anomalies (v3.1) 6 Sep 2025



- Wat die afgelope winter aan betref het ons voorspel dat warm water uit die Indiese Oseaan in die Benguela seestroom sou beland en kouefronte sou beïnvloed wat oor land inkom. Voorts het ons genoem dat die polêre vortex drie maande vroeër opgespin het wat sou voorstel dat kouefronte aan die begin van die winter sterk sou deurkom maar dat ons verwag het dat die vortex vroeër stadiger sal draai met die laaste deel van die winter wat dan geleidelik droër sal word.
- Op grond van dit sou die Weskus minder reën kry maar die Overberg en Suid-Kaap meer. Hierdie stelling was beide reg en verkeerd maar om 'n ander rede as wat ons voorspel was. Die rede was omdat die polêre vortex wat vroeër opgespin het, meer ys by die pole gemaak het. Seewater by die pole het gevolglik meer dig en kouer geword as voorspel.
- Hierdie koue en digter seewater het tydens die vroeë winter in die Benguela seestroom beland en verwagte warm kolle in die Benguela seestroom oordonder met die gevolg dat die Weskus toe wel meer as normale reën gekry het maar die voorspelling vir die Suidkus was reg.
- Soos verwag het afsny laagdrucke wel 'n invloed op Winter- en Lente weer gehad maar dit het op plekke ontwikkel, buite die normale venster van verwagting.
- In die vorige medium termyn voorspelling het ons genoem dat dit lyk of die natuur nuwe reëls begin maak met afsny laagdruk stelsels wat verder suid as 30° suiderbreedte moet ontwikkel maar tydens die vorige somer het dit op 'n stadium noord van De Aar ontwikkel en die Vaalrivier onder vloed laat kom.

- Dieselfde het toe ook in die winter gebeur met 'n geslote laagdruk wat op 'n stadium op dieselfde plek in die bolug, soos tydens die somer, ontwikkel het en koue uit die bolug getrek en snerpende koue oor die noordooste van die land veroorsaak het.
- Na dit het nog 'n stelsel wes van Namibië ontwikkel wat kortpad oor land tot die Oos-Kaap beweeg het.
- Die rede vir hierdie tipe ontwikkeling gebeur wanneer die polêre vortex stadiger begin draai met hoogdrukke wat dan verder suid ontwikkel en regkry om stelsels in die bolug vas te knyp.
- Dit geld op hierdie stadium (September 2025) steeds omdat die polêre vortex reeds stadiger begin draai het.... kyk grafiek hieronder.




- Die blou lyn is die grafiek vir 2024 en die rooi lyn, wat kleur verander, is die grafiek vir 2025 en op dit kan ons duidelik sien hoe daar verandering begin plaasvind het van Augustus tot September.
- So die verwagting bly steeds dat dit van nou tot die einde van die jaar so sal bly wat beteken dat afsny laagdrukke steeds afwykings sal bring t.o.v. van die normale tendens van dit wat ons verwag of voorspel.
- Ons het dit al voorheen genoem... Die Polêre Vortex se funksie is om koue by die pole te hou en as dit sterk is, hou dit koue by die pole maar sodra dit verswak syel koue van die pole af weg maar hoogdrukke sal terselfdertyd verder suid ontwikkel.
- Die resep is eenvoudig. Hoe streker die Polêre Vortex, hoe sterker sal kouefronte ontwikkel. Minder maar sterker. Hoe swakker die Polêre Vortex is hoe meer koue sal van die pole ontsnap en baie meer kouefronte maak maar dit sal fronte met meer wind en minder neerslag wees.


- Op grond van dit was die voorspeling vir die afgelope winter as volg:
 1. Ons gaan definitief nie soveel reën uit kouefronte soos 2024 kry nie.
 2. Die skaal lê op hierdie stadium meer na die droër as nat kant.
 3. Indien neerslag minder is sal dit nie ver onder die gemiddeld wees nie.
 4. Kanse is ongelukkig ook groter dat ons afsnylaag tipe stelsels in die oestyd sal kry maar daar moet eers baie water in die see loop voor ons dit regtig kan voorspel.
- Wat die laaste deel van die winter aan betref geld dit steeds, maar dit lyk meer moontlik as dit wat ons in Mei 2025 voorspel het.
- Wat die binneland en noordooste van die land aan betref was daar egter baie min kouefronte wat regtig 'n invloed gehad het omdat die Indiese Oseaan Hoogdruk dominant gebly het.
- Tydens die winter het dit op stadiums wolklose windstil nagte gebring waar aardstraling bygedra het dat oggend temperature so laag gedaal het dat plekke soos Barberton bv. vir langer as 'n maand elke nag rypbestryding moes doen.
- Later in die winter en aan die begin van die Lente het die einste hoogdruk toe ook droër en warmerweer oor die Laeveld, noordoostelike platorand asook die Hoëveld gebring.
- Ons verwag egter dat dit vir die res van September sal voortduur buiten natuurlik vir die afwykings wat moontlik a.g.v. afsny laagdrukstelsels sal kom.

See Temperature van Oktober tot Januarie


Oktober




November



Desember




Januarie




- Suid Afrika se weer word meer deur see temperature aan weerskante van die land beïnvloed. Hierdie stelling dui effens in teenoor hoofstroom wetenskaplikes se idee dat El-Nino die basis is wat somerweer oor Suid-Afrika dikteer.
- Ter wille van dit : --Die El Nino verskynsel is tans in 'n La Nina fase (-0.4°C) en sal van nou tot Januarie 2026 geleidelik na 'n neutrale fase verander.
- Die ander verskynsel wat ook soms as maatstaf gebruik word om somerweer vir Suid-Afrika te voorspel is die IOD (Indiese Oseaan Dipool) en dit is tans ook negatief (-0.9°C) en sal van nou tot Januarie geleidelik tot -0.2°C verander wat na normaal neig.
- So, wat die El Nino en IOD verskynsels aan betref, voorspel dit eintlik natter as normale weer oor die somerreënvalstreek maar dit is nie presies wat see temperature weerskante van die land sê nie.
- Om goeie somerreëns te kry wil ons eintlik 'n trog van lae druk oor die hele lengte van suidelike deel van Afrika, van ewenaar tot suide, hê om vog uit die trope tot die suide te dra. Maar aangesien see temperature van nou tot middel somer in die Tanzanië – Kongo lyn aan weerskante neig om laer as normaal te bly terwyl see temperature weerskante van Suid-Afrika aan beide kante (Atlantiese en Indiese Oseaan) warmer as normaal sal bly, is daar 'n probleem.
- Dit sal bydra dat lugdruk in die Tanzanië – Kongo lyn effens hoër as normaal sal weer terwyl lugdruk oor die suide effens laer as normaal sal wees.
- So, al het ons perfekte toestande in die suide om reën te bring sal daar 'n buffer tussen ons en die ewenaar wees wat vog wat van die noorde af moet inkom sal blok.
- Direk suid van die Tanzanië – Kongo lyn sal daar wel meer as normale vog wees maar dit sal kom a.g.v. vogdraende lug wat uit die Mosambiekkanaal tot suid van daardie lyn ingebring sal word.
- Dit beteken dat weer oor die noorde- van Mosambiek, Zimbabwe en Botswana van November tot Januarie natter as normaal sal wees maar suid daarvan sal daar gemengde sukses wees omdat dit baie van tydsberekening sal afhang of daardie vog tot Suid-Afrika sal kom.
- Met dit bedoel ons dat die oomblik wanneer die binnelandtrog reg is om vog uit die noord te dra nie noodwendig sal saamval op die tyd wanneer vog in die bloop van die trog beskikbaar is nie.
- Met dit in gedagte... Sien verwagte verspreiding van neerslag hieronder maar onthou asb.
- Dit is gebaseer op die verwagting dat die see temperatuur voorspellings waar sal wees en kan verander, so dit is nie in yster gegiet nie.

Afwyking t.o.v. normale neerslag (groen is nat... geel en oranje is droog)


Oktober




November




Desember




Januarie



Februarie



Maart



-Giel Hugo (Onafhanklike weervoorspeller)